NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor die Erkenning van Vorige Leer

Verwysingsnommer	8P/8.4.3
Verantwoordbare uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer en Adjunkhoof
Beleideienaar	Direkteur: Onderrig-leer
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Goedkeuringsdatum	21 September 2007
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2011
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html
Adres op die beleidsdatabasis	HSCAVDM r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8p-8.4.3-rpl_a.docx

Beleid oor die Erkenning van Vorige Leer

1 Inleiding

As ’n voortreflike universiteit in Afrika, aangedryf deur die nastrewing van kennis en innovasie, met ’n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Beleid oor die Erkenning van Vorige Leer op 21 September 2007 aangeneem.

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die beginsels onderliggend aan uitkomsgebaseerde, brongebaseerde en lewenslange leer. In hierdie konteks speel oorwegings van artikulasie en beweeglikheid ’n belangrike rol. Die NWU onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer (EVL) ’n onontbeerlike element van die transformasie van toegangs- en toelatingsbeleid by onderwysinstellings in Suid-Afrika is. Die transformasie van toegangs- en toelatingsbeleid het ten doel om deelname te verhoog en om toegang tot hoër onderwys uit te brei ten einde gegradueerdes te lewer wat die nodige vaardighede en bevoegdhede het om aan die land se mensehulpbronbehoeftes te voldoen.

2 Omskrywing

Erkenning van vorige leer (EVL) word omskryf as:

vergelyking van ’n leerder se vorige leer en ervaring, hoe ook al verwerf, met die leeruitkomste wat vir ’n gespesifiseerde kwalifikasie vereis word, en vir doeleindes van kwalifikasie, die aanvaarding van dít wat aan die vereistes (Regulasies van die Nasionale Standaardeliggaam, 1998) voldoen.

Erkenning van vorige leer (EVL) handel dus oor bewysbare kennis en leer wat ’n aansoeker verwerf het, hetsy deur formele onderrig-leerprogramme of deur ervaring. Die vraag handel te alle tye oor die vlak van vaardigheid, geëvalueer in die konteks van die uittreevlakke vir die beoogde onderrig-leerprogram of sy modules, of die status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot die ervaring wat hy of sy kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer (EVL) vind dus plaas ooreenkomstig die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker demonstreer.

2.1 Tipes EVL

2.1.1 EVL vir Toegang: daarstelling van ’n geskikte studievlak gemik op ’n kwalifikasie vir ’n kandidaat wat nie deur middel van die gewone toelatingsvereistes van ’n inrigting vir toelating tot daardie kwalifikasie kwalifiseer nie.

2.1.2 EVL vir Gevorderde Status: vrystelling van sekere vlakke of modules van ’n studiekursus op grond van die kandidaat se ervaring/leer wat voor aansoek vir EVL verwerf is.

2.1.3 EVL vir Krediet: kredietverlening vir ’n vlak of ’n module van ’n studiekursus op grond van ervaring of leer wat verwerf is voordat vir EVL aansoek gedoen is. By die NWU kan ’n volle kwalifikasie nie deur middel van EVL verwerf word nie. By die NWU is die grootste gedeelte van ’n volle kwalifikasie wat deur middel van EVL verwerf kan word, ’n derde van die krediete van die volle kwalifikasie.

2.2 Geskiktheid vir EVL by die NWU

2.2.1 Kandidate wat nie aan die minimum inskrywingsvereistes vir formele leerprogramme ten opsigte van hoëronderwyskwalifikasies (geen matriekvrystelling of soortgelyke status toegeken by voltooiing van NKR vlak 4 nie) voldoen nie, maar baie ervaring het.

2.2.2 Kandidate wat formele onderwys tydens hulle onderrigloopbane verlaat het, maar sedertdien ervaring deur werk en/of ’n reeks kortkursusse opgedoen het, kan vrystelling van sommige modules of vlakke of status van ’n volle kwalifikasie aanvra sodat hulle hulle studies kan voortsit.

2.2.3 Kandidate, byvoorbeeld onderwysers of verpleegsters, wat ondergekwalifiseerde volwasseneleerders met ’n vlak van professionele opleiding is en wat hulle kwalifikasies wil opgradeer, kan vir vrystelling van sommige modules of vlakke aansoek doen.

2.2.4 Kandidate wat vordering deur middel van ’n leerprogram wil versnel by wyse van vrystelling vir modules of vlakke teen die agtergrond van informele of nieformele leer wat opgedoen is.

3 Beginsels van EVL-assessering

Die assesseringsprosesse betrokke by EVL is dieselfde as dié wat vir die toekenning van krediete in ’n formele omgewing gevolg word. ’n EVL-kandidaat wat krediete vir voorheen verworwe vaardighede en kennis aanvra, moet steeds voldoen aan al die vereistes soos in leermodules en leerprogramme en kwalifikasies uiteengesit. Die verskil is die pad na die assessering. EVL-assessering het ’n holistiese siening van die proses van assessering waar die konteks van die leer asook die konteks van die persoon wat geassesseer word, in ag geneem word. Sommige van die beginsels wat toegepas word in kontekste waar ’n holistiese siening geïmplementeer word, is:

1. Onderskrywing van die beginsel en waardes van menslike ontwikkeling en lewenslange leer. Dit ondersteun die EVL-doeleindes van toegang, billikheid en regstelling vir mense wat hulle studies wil voortsit.
2. Toewysing van hoë prioriteit aan leerdergesentreerde ondersteuningstelsels in die voorbereiding vir assessering. Keuse van die assesseringsmetodes moet op kontekste en uitvoerbaarheid gegrond wees; die assessor en die kandidaat moet daaroor ooreenkom – met ander woorde dit moet doelgemaakte assesseringsmetodes wees.
3. ’n Leerdergesentreerde en ontwikkelingsbenadering waar assesserings nie gebruik word om kandidate te penaliseer vir wat hulle nie weet nie, maar om besluite rondom opvoedkundige beplanning te ontwikkel en te vorm.
4. Erkenning van die ryk verskeidenheid kennis- en leerstyle wat kandidate na die assesseringsproses bring. Sommige studente presteer die beste in vertolkende, praktiese soeke uit beskikbare gegewens eerder as in die memorisering van inligtingsbronne. ’n Holistiese benadering tot assessering neem al hierdie beginsels in ag.

4 EVL-prosesse en -prosedures

Die Noordwes-Universiteit erken dat die erkenning van vorige leer (EVL) op ’n geldige, betroubare en billike manier gedoen moet word en dat dit deel van die bestaande beleid oor die toelating en kredietakkommodasie van voornemende of huidige studente by hierdie inrigting moet wees. ’n Aansoeker se vorige leer word in ooreenstemming met die relevante prosedures geëvalueer, en die aansoeker word óf bevoeg óf nog onbevoeg bevind.

Die Noordwes-Universiteit bepaal te alle tye die getal studente wat tot enige van sy onderrig-leerprogramme toegelaat word, met inagneming van die beskikbaarheid van personeel en fasiliteite wat nodig is om sulke programme te bestuur. By die NWU word hoogstens 10% van sy inskrywende studente via EVL toegelaat.

Nieterugbetaalbare administrasiegelde (soos van tyd tot tyd deur die universiteit bepaal) is betaalbaar vir die bestuur van ’n aansoek vir erkenning van vorige leer.

5 EVL-kwaliteitsversekering

Elke afdeling wat die EVL-proses hanteer, moet ’n plan ontwikkel om die kwaliteit van sy EVL-bedrywighede te verseker. Hierdie planne word voorgelig en aangevul deur die EVL-beleidsdokument wat SAKO op 12 Junie 2002 (Besluit SAKO 0124/02) uitgereik het.

Oorspronklike gegewens: Jacoline Jansen van Vuuren(10225676) C:\Documents and Settings\Administrator\Desktop\8P-8.4.3-RPL_a.doc
28 Oktober 2010

Verwysingsnommer: 8P-8.4.3-RPL